

HOËRSKOOL HENNENMAN  
**NUUSBRIEF**  
*Nit die skoolhoof se pen...*



Liewe Ouers

Die toetsweek begin Maandag, 10 Maart 2025. Leerders het reeds die toetsrooster ontvang. Toetsperiode sal aan die begin van die dag wees en daarna sal die skooldag normaal voortgaan. Geen leerder mag na toetsperiode uitteken om vir die volgende dag se toets te leer nie. Ons doen 'n beroep op elke ouer om ons te help om toe te sien dat u kind deeglik voorberei vir die toetse.

Ons skoolgebou is hierdie jaar 70 jaar oud! As deel van die feesvieringe speel ons op Saterdag, 15 Maart tuiswedstryde teen Heilbron. Hierdie wedstryde dien ook as voorbereiding vir die hokkie-, netbal- en rugbyligas wat voorlê. Sportoefeninge sal dus tydens toetsweek voortgaan. Oefening sal direk na skool begin en 15:00 eindig.

Leerders moet asseblief goed beplan en vroegtydig begin voorberei sodat hulle, sover moontlik alle oefeninge kan bywoon. Indien 'n leerder nie 'n oefening kan bywoon nie, moet hy/sy 'n reëling met sy/haar afrigter tref. Die eerste busroete vir Ventersburg en Phomolong sal direk na skool vertrek en die sportbus en Virginia busroetes om 15:00.

**HOËRSKOOL HENNENMAN**  
PER LABORUM AD FINEM

# SPITBRAAI & Kuieraand!

DIE SPITBRAAI EN KUIERAAND IS 'N GELEENTHEID WAT OOP IS VIR ALMAL, NIE SLEGS VIR OUD- EN HUIDIGE HENNIES NIE. ENIGE BELANGSTELLENDEN IS HARTLIK WELKOM OM DEEL TE WEES VAN DIE VERRIGTINGE. ONS SIEN DAARNA UIT OM U TE VERWELKOM EN SAAM 'N ONVERGEETLIKE AAND TE BELEEF.

#GROEISAAM-LEERSAAM-STAANSAAM

f HOËRSKOOL HENNENMAN | HSH\_SKOOL | WWW.HSH.CO.ZA | 057-573-1130

Ek is seker dat u reeds hierdie advertensie op ons Facebook gesien het. Kom kuier gerus saam op 15 Maart! Die dag skop af met hokkie-, rugby- en netbalwedstryde en sluit af met 'n ligawedstryd van die dorp se rugbyspan.

Die aand kuier ons lekker saam rondom 'n spitbraai.

Volwassenes: R200 per persoon  
Leerders (0 – 12 jaar): R120 per persoon

Besprekings vir die spitbraai sluit vandag, maar laatslapers kan nog op Woensdag, 5 Maart bespreek met betaling!

ALMAL is baie welkom! Kom geniet hierdie aand saam met ons!

Vriendelike groete  
Brenda Hoffman  
Skoolhoof

**#GROEISAAM-LEERSAAM-STAANSAAM**

- PER LABORUM AD FINEM -